De Wildt Cheetah and Wildlife Trust en Cheetah Outreach Anatoliese Veewagtershond Projek

HERSTEL DIE BALANS

NIE-DODELIKE ROOFDIER BEHEER

Navrae: Deon Cilliers (082 853 1068) of ncmp@dewildt.org.za

‘n Werkende voorbeeld van twee bewarings organisasies wat saamwerk met een doel naamlik “Jagluiperd Bewaring In SA”

Wisely Family Foundation

Fran Meyer

Jesse and Diana Domeracki

Dr. Susanne Bremer

Texcetera

Shepherd’s Rest

Floyd and Nancy Denison

Catherine Hilker

Stephen Kolodny

Texcetera

Shepherd's Rest

Kerry Mellville

Penny Rogers & Kathryn Woods

Stanley Arkin

Die kuddehond program in Afrika is deur die Cheetah Conservation Fund, Namibië gepionier. Die riglyne in hierdie gids is aangepas vanaf CCF Namibië dokumentasie asook insette van Cyril Stannard van die Grootfontein Landbou Kollege in SA. Hierdie program is dankbaar vir CCF en Cyril Stannard se ondersteuning en insette.

JOU ANATOLIESE HERDERSHOND

Baie dankie vir u deelname aan die National Cheetah Management Project's (NCMP) Turkse Anatoliese Herdershond program.

Die Anatoliese Herdershond is van Turkse afkoms en spesifiek geteel om kleinvee te beskerm teen wolwe en bere. Huidiglik word hierdie indrukwekkende honde geteel en opgelei deur die Cheetah Conservation Fund om die boere van Namibië te bedien. Die honde word geplaas by die boere wanneer hulle 6 weke oud is, waarna hulle eksklusief saam met die kudde grootword, en sodoende instinktief die diere beskerm teen 'n verskeidenheid roofdiere, waarvan die jagluiperd een is. As afskrikmiddel teen roofdiere, beteken dit dat die boere nie benodig om hierdie beskermde dier te vang en te skiet nie.

As gevolg van die sukses van die Namibiese inisiatief, is 'n proef program geloods deur NCMP, om die Anatoliese Herdershond in Suid-Afrika aan die boere bekend te stel. Om hierdie program suksesvol te loods is dit uiters belangrik om die bekendstelling en moniteringsproses noukeurig te volg.

WAT JOU ANATOLIESE HERDERSHOND VIR JOU KAN BETEKEN

Wanneer daar 'n oorvloed van 'n onbeskermde voedselbron (skape of bokke) is wat maklik bekombaar is, is dit onnodig vir roofdiere om te jag. Hierdie voedselbron lok roofdiere na die plaas en help met die suksesvolle toename in getalle, met die gevolg dat die roofdier bevolking toeneem. Tradisionele metodes om ontslae te raak van roofdiere, soos vergiftiging, jag en valle, het ook 'n negatiewe uitwerking op diere soos die bakoorjakkals, aardvark en roofvoëls. Deur hierdie nie-dodelike metode te gebruik om roofdiere te beheer, word die balans op die plaas herstel en die roofdier bevolking word beperk tot 'n grootte wat gevoed kan word deur hul natuurlike prooi.

Navrae: Deon Cilliers (082 853 1068) of ncmp@dewildt.org.za

BELANGRIKE INLIGTING OM IN AG TE NEEM:

- Laat altyd die klein hondjie saam met ‘n paar van die kudde diere waarvoor hy verantwoordelik sal wees bly, wanneer die res veld-toe gaan. Die hondjie en diere wat by hom bly moet veilig in die kraal wees. Hierdie is baie belangrik totdat die hondjie oud genoeg is om saam met die kudde veld toe te gaan en sy taak as waghond op te neem.

- Loop met die hond elke dag aan ‘n leiband, vir klein rukkies, om sodoende ‘n gesonde verhouding te bewerkstellig wat dit maklik maak om die hond te versorg, op te lei en gesondheidsorg toe te pas.

- Moenie die hond aanmoedig om kontak met jou te maak nie. Die skape of bokke is die groep met wie hy 'n band moet opbou.

- Die hond moet ‘n goeie kwaliteit droeë hondekos kry terwyl hy groei. Hy kan slegs goeie diens lewer wanneer hy goed versorg word. Moet onder geen omstandighede vleis of vleisprodukte vir die hond voer nie, onthou hy leef saam met jou kudde.

- Moenie die hond toelaat om met die kudde te hardloop of speel terwyl hy grootword nie. Hierdie optrede moet beheer word deur die hond aan ‘n ligte ketting en hardloop lyn te hou. Moenie ‘n “drop-stick” aan sy halsband sit nie, aangesien dit bekend is dat hierdie metode Anatolian hondjies beseer en doodmaak.

- Wees op die uitkyk vir siektes, veral Bosluiskoors – verwys na die versorgings handleiding.

- Volg parasiet beheer protokol – verwys na die handleiding.

- Rapporteer enige probleme onmiddelik aan Deon Cilliers by 082 853 1068.

Hierdie belangrike verhouding tussen jou en jou hond vereis jou belangstelling en aandag gedurende sy eerste jaar. Hierdie toewyding het tot gevolg dat jou hond ‘n waardevolle bydrae sal lewer tot die bewaring van jou kudde.

GESONDHEIDSORG PROTOKOL

1) Inentings

Distemper, Hepatitis, Parvi Virus, Para-influenza:

- 1ste inenting tussen 6-8 weke
- 2de inenting op 8-10 weke
- 3de inenting op 10-12 weke
- Daarna elke 12 maande.

2) Bosluise en vlooie

Frontline

- kan gegee word tussen 6-8 weke
- voorkom bosluise en vlooie
- een keer per maand

Advantix

- klein hondjies kan slegs hiermee behandel word vanaf 17 weke.
- voorkom bosluise, vlooie en vlieë
- een keer per maand

3) Ontwurming

Enige breë-spektrum ontwurm middel soos *Drontal, Zeroworm, Prazifen* or *Mediworm*

- eerste ontwurming tussen 6-8 wekes vir klein hondjies
- ontwurming moet elke 4 maande toegedien word

4) Hondsdolheid

Rabisin
Defensor Rabies

- 1ste inenting op 12 weke
- 2de inenting 1-9 maande daarna
- Daarna elke 3 jaar.

5) Kastrasie en Sterilisasie

1. op 6 maande

Koksidiose

Koksidiose is baie aansteeklik, veral met jong hondjies wat aan stresvolle omstandighede blootgestel is. Kliniese tekens sluit in diarreë, braking, swak aptyt, gewigs verlies, dehidrasie en futloosheid. Dit kan maklik verhoed word deur streng sanitasie soos om altyd die uitskeidings in die hokke te

verwyder en gereeld skoon water te voorsien. Mediese behandeling is effektief, maar vroeë diagnosering is noodsaaklik.

In Turkye word die Anatoliese Herdershond vir die laaste 6000 jaar as kudde waghond gebruik.

DIE GEBRUIK VAN KUDDE WAGHONDE

Die konsep om honde te gebruik om lewende hawe te bewaar is nie nuut nie. Die Namibiërs gebruik al dekades lank honde en het ‘n klein gemengde ras geskep om as waghonde vir kudde te dien.

Hoe Kies Ek ‘n Goeie Kudde Waghond?
Sommige rasse is ontwikkel vir spesifieke take. As voorbeeld kan die border collie en die kelpie as herders honde gebruik word. Die Anatolians aan die ander kant, is geteel as waghonde. Die meeste klein gemengde- ras honde kan albei hierdie take verrig. Groot honde het die voordeel dat hulle groot roofdiere kan konfronteer, soos luiperds en jagluiperds. Hulle harde blaf is ‘n goeie afskrikmiddel vir roofdiere. Daar is egter ‘n paar nadele. Die dieët van ‘n groot, vinnig-groeiende hond soos die Anatolian vereis meer aandag en insetkoste as kleiner en gemengde- ras honde.
Groot honderasse groei baie vinnig en vereis daarom 'n goed- geformuleerde dieët wat ook droë hondekorrels insluit. Mieliemeel is nie geskik nie en lei tot been deformaliteite. ‘n Hond met ‘n swak ontwikkelde beenstruktuur sal nie instaat wees om die harde lewe van ‘n werkende waghond vol te hou nie.

Groter honde vind dit ook moeiliker om oor baie klipperige terrein te beweeg, en as hulle swak gewoontes aanleer soos om wild te jag, kan hulle groot skade aanrig.

'n Potensiële eienaar moet homself afvra:

*Wat is die belangrikste roofdiere wat die hond moet trotseer?

*Watter funksies is die beskikbare rasse geteël voor? (jag, kudde ens)

*Wat is die voordele en nadele van die verkillende rasse en hul grootte?

*Is die area besonder warm of klipperig?

*Is kommersiële hondekos bekostigbaar en geredelik beskikbaar?

Nog ‘n problem in Namibië is die feit dat groot- ras waghonde nie geredelik beskikbaar is nie. Kleiner hondesoorte het die voordeel dat hulle ruwe terrein en hitte makliker hanteer as groot honde. ‘n Nadeel met kleiner honde is egter dat hulle nie opgewasse is teen groot roofdiere nie.

Wanneer 'n kudde hond gekies word, is dit belangrik om die grootte van die hond en die omgewing waarin dit moet werk in ag te neem.

Grootmaak en Opleiding Van ‘n Kudde Waghond

‘n Paar goue reëls, en baie geduld, is nodig wanneer ‘n kudde waghond opgelei word.
‘n Klein hondjie moet verkieslik van ‘n in-diens waghond wees, en by sy kudde geplaas word wanneer hy tussen 6 en 8 weke oud is.
Die hondjie moet ten alle tye by die kudde wees en nooit alleen in die kraal gelos word nie, selfs al bly net 1 of 2 diere by hom. ‘n Band moet tussen die hondjie en sy nuwe kudde gevorm word.
Indien daar nie ‘n genoegsame band tussen die hondjie en sy kudde gevorm word nie, is die kans goed dat die hond nie sal slaag as ‘n kudde waghond nie, omdat hy nie gemotiveerd sal wees om die kudde te beskerm nie. Honde moet vertroud gemaak word met ander lewende hawe in die omtrek, soos perde en beeste. In gemeenskappe is dit besonder belangrik omdat al die diere gemeenskaplike waterbronne gebruik. Indien die hond nie vertroud is met die bure se diere nie, kan die hond sy kudde teen hierdie diere “beskerm” en hulle aanval of verjaag.

Dit is belangrik om die hond vertroud te maak met al die diere waarmee hy in aanraking sal kom.’n Werker moet met die klein hondjie tussen die diere rondloop en dit leer om hulle te ignoreer

Jag moet ten alle tye ontmoedig word. Hierdie hond is ernstig beseer deur 'n vlakvark.

Navrae: Deon Cilliers (082 853 1068) of ncmp@dewildt.org.za

Honde moet voorts geleer word om wild nie te sien as ‘n bedreiging vir hul kudde nie. Indien hulle vir iets blaf, beteken dit hulle is bekommerd en sien die indringeras ‘n bedreiging. Wanneer hul blaf vir wild en ander diere en dit jag, moet hulle onmiddelik gedissiplineer word. Wanneer hulle eers geleer het om te jag, is dit baie moeilik om hierdie optrede te verander.‘

Die hond moet beskerming hê teen die elemente.

n Hond wat toegelaat word om wild te jaag sal nie by sy kudde bly om hulle te beskerm wanneer hulle sonder toesig in die veld is nie. Daarom is dit belangrik dat die hond gemonitor word terwyl hy opgroei en ontwikkel, sodat enige ongewenste op-trede dadelik reggestel kan word.
Honde wat terugkom van die veld met wonde wat veroorsaak is deur vlakvarktande en bokhorings, moet dopgehou word aangesien hierdie wonde gewoonlik toegedien word wanneer die hond jag. Die tyd en moeite wat aangegaan is om ‘n goeie waghond op te lei en groot te maak is verniet indien die hond verloor word as gevolg van hierdie beserings.Goeie waarneming van die hond lei tot ‘n goeie werk-verhouding tussen die eienaar en die hond. Dit stel die eienaar in staat om die hond te hanteer en na te gaan vir bosluise en beserings, en dit te behandel. Dit is verder belangrik om die hond te leer om met‘n leiband hanteer te word. Klein hondjies het beskerming nodig teen aggressiewe diere, asook die gevaar om deur die kudde raak getrap te word. Daarom is dit nodig vir ‘n klein hokkie binne in die kraal.

Klein hondjies gaan deur 'n spelerige fase waar hulle die kudde diere sal rondjaag.

'n Skuifslot en ligte ketting geskik vir 'n hardloop lyn

Installering van 'n hardloop lyn:

Die ankers vir die draad moet gelyk met die grond ingekap word sodat die ketting nie knoop nie; dit moet oor die hele kraal strek; die hond moet nie 'n heining kan bereik en oorspring nie; hy moet water en skadu hê; gebruik 'n ligte ketting en maak dit vas met 'n skuifslot aan sy halsband; die hond moet eers gewoond wees aan 'n leiband voor hy aan die lyn gekoppel word.

Stadiums Van Ontwikkeling

Kinders gaan deur vasgestelde ontwikkelings fases. Teen verskillende fases word van die kind verwag om te kruip, loop en te begin praat.
Klein hondjies gaan ook deur duidelik gedefinieerde fases. Tussen 2 en 4 maande vind sosialisering plaas. Daarom is dit belangrik dat hulle reeds op hierdie ouderdom saam met hulle nuwe kudde woon. Dit waarmee die hond grootword is waarmee dit 'n band sal vorm. 'n Hond wat by skape groot geword het, kan nie later by bokke geplaas word nie. Teen 6 maande is die meeste honde , soos Anatolians, op 'n baie spelerige stadium. Dit kan lei to kudde verliese as hierdie optrede nie beheer word nie. Die hond moet gedissiplineer word en indien nodig, moet hy aan 'n hardlooplyn gedurende die nag gehou word. Dit is verkieslik bo die opsie om die hond vas te maak. (Sien vorige bladsy vir meer informasie oor hardlooplyne).
Die volwasse hond.

Deur om te sien na die wagter, sal hy omsien na jou kudde. Armas Shaanika, CCF wagter.

'n Hond is net so goed soos sy eienaar. Selfs volwasse honde het aandag en waarneming nodig. Groter honde bereik op 'n later ouderdom volwassenheid as kleiner honde. Al is hulle dieselfde grootte as volwasse honde, is dit belangrik om te onthou dat hulle optrede steeds die is van 'n jong hond, wat opleiding en geduld vereis.

Hierdie hond is ondervoed.

'n Suksesvolle honde-eienaar is veronderstel om:

* Toegewyd te wees om 'n suksesvolle hond op te lei;
* Beskikbaar te wees om die hond se vordering te monitor;
* Om die hond se ontwikkeling te lei;
* Bereid te wees om tyd en geld in die hond se gesondheid en ontwikkeling te belê;
* Geduld en insig in die hond se optrede en behoeftes te he.

Die Hond Se Dieet

Klein hondjies benodig voldoende melk van hulle moeder vir die eerste 6 weke. As die teef se melk nie voldoende is nie, moet dit aangevul word met bokmelk. Wanneer die hondjies gespeen word, moet dit geleidelik geskied tussen 4 en 6 weke. Hulle kry dan aanvullings met hondekorrels en bokmelk, sodat hulle minder aangewese is op die teef vir voeding.
Beenvorming vind snel plaas tussen 6 weke en 6 maande, daarom is dit belangrik dat die kalsium inhoud voldoende moet wees. Groot honde het meer kalsium nodig as kleiner honed.
Spier ontwikkeling vind plaas tussen 3 en 6 maande, en protein is noodsaaklik in die eerste maande van die hond se lewe. Protein word verskaf deur hondekorrels. Voer hom in ooreenstemming met instruksies op die kos wat voorsien word deur NCMP. ‘n Groeiende hond benodig meer protein as volwasse honde. ‘n Volwasse hond benodig meer energie.

Honde moet 2 maal per dag gevoer word, in die oggend voordat hy uitgaan en in die middag wanneer hy terugkom.



‘n Hond wat nie voldoende voeding kry nie kan nie effektief werk nie. Honger kan veroorsaak dat ‘n hond wild jag, of hulle skep die indruk dat hulle lui is. Werkende honde moet ‘n voldoende maaltyd twee keer ‘n dag kry, verkieslik in die oggend voor hulle veld toe gaan en weer in die middag wanneer hulle terugkeer. Voordat hulle uitgaan moet hulle vars water kry en nie droe korrels of pap kry nie. Hulle moet by die kraal gevoer word waar diere dit nie kan afneem by die hond nie.

Honde kan slegs goed werk indien hulle gesond is. 'n Gesonde hond se ribbes, ruggraat en heupbene steek nie uit nie.



'n Honger hond kan nie werk nie, dit kan hom noop om te jag, of te lyk of hy lui is.

Gesondheidsorg Van ‘n Werkende Hond

Honde kan, net soos mense, slegs effektief werk wanneer hulle gesond is. Die hond moet elke dag deurgekyk word vir bosluise en bosluisbyte, asook ander beserings. Dit moet behandel word voordat dit infeksie inkry.
‘n Gereëlde inentingskedule moet gevolg word. Inentings stimuleer die imuunsisteem deurdat dit die hond blootstel aan siektes in klein hoeveelhede.
Indien ‘n teef nie ‘n goeie imuunsisteem het nie, kan sy dit ne oordra na haar werpsel hondjies gedurende die eerste 6 weke nie. Tot op hierdie stadium is die immuniteit wat die teef oordra aan die kleintjies al wat hulle kan beskerm teen siektes. Hondjies behoort die 5-in-1 inenting ten minste 3 keer, 3 tot 4 weke uitmekaar, vanaf die ouderdom van 6 weke te ontvang. Na die aanvanklike reeks inentings, moet die hond elke jaar ‘n versterking vir hondsdolheid en die 5-in-1 kombinasie te kry.

Belangrikste Siektes Waarvoor Honde Vatbaar Is (en waarteen inenting nodig is)

Hondesiekte: Simptome sluit in ‘n afskeiding in die ooghoeke, slym wat by die mond uitkom en die hond wat gewig verloor.. Hul kan hierdie siekte oorleef maar word lam en ontwikkel bewende koppe.

Parvovirus: Bloederige diarree, wat kan lei to dood. Hul is baie vatbaar vir hierdie siekte as hulle nie inge-ent word nie.

Hondsdolheid: Hierdie is ‘n ernstige en dodelike siekte. Alle honde moet inge-ent word daarteen op 3 maande, gevolg deur ‘n versterking elke jaar. Kudde honde is besonder vatbaar hiervoor, omdat hulle in aanraking kom met wilde roofdiere en aasdiere. Hulle loop ‘n groot risiko om gebyt te word deur hierdie diere en gevolglik is die risiko groot om hondsdolheid te kry.
Simptome wissel van onverwagse aggressie en persoonlikheidsverandering, tot oormatige kwyl en verlies aan koordinasie. Enige hond wat vreemd optree moet uiters versigtig hanteer word, en so gou moontlik na ‘n veearts geneem word. Die siekte word oorgedra deur spoeg. Indien ‘n hond se geskiedenis vir inenting onbekend is, of sy optrede raak irrasioneel en hy byt ‘n persoon, moet die persoon dadelik na ‘n dokter geneem word, aangesien die siekte lewensgevaarlik vir mense is.

Adeno virus: Affekteer die oog. In ernstige gevalle kan die hond blind raak.

Leptospira: Simptome sluit in koors, kouekoors en spier gevoeligheid, gevolg deur tekens soos vomering en vinnige dehidrasie, asook ‘n versnelde hartklop. Die niere word ook geaffekteer. Dit is uiteindelik dodelik indien dit nie behandel word nie.

Hepatitis: Die lewer word geaffekteer.

Ander Algemene Siektes

Bosluiskoors: Simptome sluit in 'n hoë koors, lusteloosheid en swakheid, bloedarmoede en neus bloei.'n Afskeiding van die oë en ore kan voorkom, met uiteindelik ineenstorting en dood. Om die punte van die ore af te sny voorkom nie die siekte nie. Sommige honde oorleef die siekte, maar moet altyd behandel word met die volle dosis tablette.

'n Oor infeksie

Ystervarkpenne: Moet nooit die penne net uittrek nie, die basis bly agter in die vel. Dit veroorsaak 'n smetterige wond. Druk die pen effens in, en trek uit met 'n effense draaibeweging.

Oor infeksies: Wees versigtig wanneer die hond gebad of gedip word, dat die dip nie te diep in die ore gaan nie.

Wurms: Honde moet gereeld ontwurm word. Dit maak hul nie immuun teen wurms nie, dit behandel net huidige infeksies. Ontwurming moet elke 3 maande gedoen word. Enige hond wat met hierdie honde in aanraking kom, moet met dieselfde protokol behandel word.

'n Hond met 'n ystervarkpen in sy neus

Simptome van ernstige wurm infeksie:

* 'n Ronde geswelde maag by klein hondjies – die res van die lyfie mag maer wees.
* Vomering – wurms mag selfs teenwoordig wees in die vomeersel
* Swak pels – dowwe, droë en stekelrige pels
* Lusteloosheid en depressie
* Diarree – wurms kan teenwoordig wees in ontlasting.

Navrae: Deon Cilliers (082 853 1068) of ncmp@dewildt.org.za

Hyaloma bosluise: Veroorsaak 'n baie pynlike bytplek en stukke vleis rondom die byt gaan dood en val uit. Hulle moet so gou moontlik afgehaal word om meer skade te voorkom. Hou wonde skoon tot dit gesond is. Wees baie versigtig wanneer honde gedip word, dra altyd handskoene en volg die instruksies.

Steekgras: Honde met baie hare tussen die tone kan van die sade tussen die tone kry wat vassit. Knip hierdie hare kort en maak elke dag seker die tone is skoon van sade.

Behandeling Van Oop Wonde

Maak deeglik skoon met soutwater indien geen ander antiseptiese middels beskikbaar is nie. Knip hare rondom die wond kort. Vlieë kan eiers lê in die wond indien dit nie skoon gehou word nie. Aerosol wond behandelings is baie effektief.

Sterilisasie
Tewe kom elke ses maande op hitte. Dit kan gebeur dat sy haar kudde verlaat op soek na 'n maat. Sy kan nie effektief werk as sy dragtig is of kleintjies voed nie. Sterilisasie is belangrik aangesien dit die hond verhoed om 'n maat te soek.

'n Tafelsout oplossing is geskik vir skoonmaak van wonde. Meng 1 teelepel met 1 koppie (250ml) water.

Gesondheidsorg In Kort

Voorkom siektes eerder as om dit te probeer behandel.

Ent jou hond in, ontwurm en ontbosluis dit.

Gesonde voedsel – gesonde honde.

Siek of beseerde honde moet so gou moontlik behandel word om komplikasies te voorkom of die hond te verloor.

Steriliseer die hond om rondlopery te voorkom, anders beskerm hulle nie die kudde nie. Hulle loop ook die gevaar om geskiet te word op naburige plase.

Wees ingelig – hoe meer jy weet oor jou hond se versorging hoe langer kan hy jou effektief dien.So word jou kudde ook beskerm.

Goue Reëls Met De Grootmaak Van 'n Kudde Waghond:

Bekom 'n hondjie van 'n hond wat 'n goeie kudde waghond is.

Gemeenskappe kan saamwek om 'n goeie teëllyn te vestig en net met die beste honde te teël.

Moet nooit die hond van sy kudde verwyder nie.

Die hond moet te alle tye by sy kudde gehou word.

Moet nooit die hond na 'n nuwe kudde of ander soort diere verskuif nie.

Wees geduldig met die grootmaak en opleiding van die hond.

'n Hond is slegs so goed as wat die eienaar hom versorg.



GROOTMAAK EN OPLEIDING VAN JOU ANATOLIESE HERDERSHOND

Die volgende is bedoel as 'n basiese handleiding om jou hond groot te maak en op te lei. Lees dit asseblief aandagtig deur, tesame met die addisionele inligting wat jy ontvang het saam met jou informasie pakket. Deur hierdie riglyne te volg kan die verskil maak tussen sukses en onsuksesvolle kudde waghond.

A. Vee wat in die aand teruggaan kraal toe

Vroeë Jeug Stadium 6 – 10 weke

Benodighede:

1. dig omheinde kraal
2. 8 – 10 speen lammers
3. verskuifbareskuiling vir die hond
4. leer nekband en leiband
5. goeie kwaliteit kleinhondjie-pille
6. groterige mikstok
7. "dangle stick"

Hierdie is een van die mees kritieke stadiums in jou hond se lewe. Die hondjie sal op 5-6 weke ouderdom by u op die plaas arriveer. **Moet asseblief nie ingee vir die versoeking om die hondjie 'n paar dae in die huis te hou nie.** Hy is daar om te werk!
Hy moet **onmiddelik in 'n kraal** geplaas word saam met tens minste 8 speenlammers. **Die lammers moet die res van hul lewe saam met die hond deurbring sodat daar altyd 'n band is tussen die hond en die trop waar hy/sy by is.** Die kampie moet dig omhein wees sodat die hond nie kan ontsnap nie.
Voorsien ook die hond van 'n skuiling binne die kraal sodat die hond uit die skaap se pad kan kom en die skape nie by sy kos kan uit kom nie. In die tyd wat die hondjie in die kraal is moet hy bekendgestel word aan alles waarmee hy te doen sal kry op die plaas bv. perde, beeste ens. Daar moet egter gelet word dat daar nie onnodig baie aandag aan die hondjie gegee word nie. Dit kan die band tussen die hond en die mens sterker maak as wat die band tussen die hond en die kleinvee is. Die hondjie moet egter soms hanteer word om hom daaraan gewoond te maak sodat hy/sy hanteerbaar is as hy /sy groot is. Dit vergemaklik die inspuit en verskuiwing van die hond.
Hy kan spelerig raak met die lammers, **dit moet ten alle tye vermy word**. Probleem tye is vroeg oggende en in die aande.

Gedurende hierdie tyd sal die hondjie 'n band vorm met enige diere waarmee hy geplaas word. Teen 16 weke is hierdie stadium verby. As die hondjie 'n goeie band met sy kudde opgebou het, sal hy hulle altyd beskerm. Wanneer dit nie plaasvind nie, sal die hond rondloop en nie by hulle bly nie. Die hondjie moet nooit alleen gelaat word nie, maar altyd in die teenwoordigheid van 'n paar van die kudde diere bly. Dit is ook belangrik om seker te maak die hondjie het sy eie hok binne-in die kraal sodat van die groter diere hom nie raaktrap of seermaak nie.

Besluit vroegtydig by watter kudde hy gaan bly. Deur hom te skuif tussen verskillende kudde kan beteken dat hy verward raak en rondloop. Nuwe diere kan aangeskaf word vir die kudde, solank van die oorspronklike kudde waarmee hy vertroud is, steeds deel van die kudde bly.

Voeding:

Gee die hondjie ‘n goeie kwaliteit klein hondjie kos, soos voorsien deur die WCMP. Dit is belangrik aangesien die honde op hierdie ouderdom vinnig groei, en sou hy afgeskeep word, kan daar later probleme ondervind word. MOET ASSEBLEF NIE DIE HOND ROU VLEIS VOER NIE. Gaar bene en hoewe kan wel aan die hondjie gegee word om aan te kou wanneer hy begin wissel.

Let op na:	Wat om te doen:
hondjies wat lammers jaag	hang die “dangle stick” aan die hondjie se nekband
hondjies wat lammers seermaak	selfde as bo
hondjies wat lammers se ore kou / wol uitpluk	gebruik vet met chillie poeier gemeng om aan die ore te smeer sodat die hondjie se mond kan brand / gebruik weer die “dangle stick”
lammers wat hondjies afknou	bied aan die hondjie ‘n skuilplek weg van die lammers af
lammers wat hondje van sy kos af dryf	plaas die hondjie se kos so dan die skaap nie daar by kan uit kom nie

Ouderdom 11-16 weke:

Benodighede:

1. dig omheinde kamp van +/- 2 ha
2. speen lammers en trop waar hond gaan bly
3. verskuifbare skuiling vir die hond
4. leer nekband en leiband
5. goeie kwaliteit kleinhondjie-pille
6. groterige mikstok
7. “dangle stick”

Die hondjie is al reeds 4 weke op die plaas. Teen die tyd behoort die band tussen die hondjie en sy lammers al goed gevorm te wees. Die hondjie sal ook al vir enige iets vreemd begin blaf maar nog steeds tussen die lammers wegkruip. Die hondjie en sy troppie kan nou saam met die ooitrop waar die hond gaan bly in ‘n kleinerige kampie geplaas word.

Die kampie moet nie te ver van die huis af wees nie aangesien die hondjie nog toesig gaan nodig hê. Lei die hondjie met behulp van die leiband al teen die kamp se grense sodat hy aan die gebied gewoond kan raak. Die hond moet liefsby die vervangings ooie trop of droeë ooie trop geplaas word. Dragtige ooie kan die hondjie verjaag en seermaak tydens lamtyd. Verskuif ook nou die hondjie se skuiling na die kamp indien die skape of bokke nie meer gaan terugkom kraal toe nie. Omhein of plaas hekkies om die skuiling sodat die vee nie by die hond se kos kan uitkom nie. Die jong hondjie moet vroeg oggend en in laat middag kos kry by sy slaapplek (in kraal of by skuiling). Basiese leiband opleiding moet gedurende hierdie periode plaasvind.

Let op na:	**Wat om te doen:**
Hondjies wat lammers jaag	Hang die "dangle stick" aan die hondjie se nekband
Hondjies wat lammers seermaak	Selfde as bo
Hondjies wat lammers se ore kou / wol uitpluk	Gebruik vet met chillie poeier gemeng om aan die ore te smeer sodat die hondjie se mond kan brand / gebruik weer die "dangle stick"
Lammers wat hondjies afknou	Bied aan die hondjie 'n skuilplek weg van die lammers af
Lammers wat hondje van sy kos af dryf	Plaas die hondjie se kos sodat die skaap nie daar by kan uit kom nie
Hondjie wat terug gaan kraal toe of huis toe kom	Neem die hondjie DADELIK terug en tugtig hom met jou stem as die hond daarmee aanhou sit die mikstok aan om te verhoed dat hy deur die draad kruip dink ook aan elektriefisering

Ouderdom 16 weke – 1 jaar:

Die band tussen die hond en sy trop moet nou al goed gesement wees. Teen 4 maande moet die hondjie die kudde vergesel na die veld, verkieslik onder toesig in die begin fase. Basiese leiband opleiding moet op hierdie stadium al plaasgevind het.

Neem die hond vir 'n wandeling om die kamp se grense sodat hy die kamp kan leerken. Nou moet daar baie aandag gegee word aan die enige probleme wat kan opduik en daar moet onmiddelik met korrektiewe stappe begin word sou daar enige probleme opduik. Indien ander lewende hawe soos perde en beeste naby die hond bly, moet die hond blootgestel word aan hulle. Enige geblaf moet onmiddellik gestop word, aangesien dit beteken die hond sien hulle as 'n bedreiging vir sy kudde. Die hond moet voortdurend saam met sy kudde verby hierdie ander diere stap totdat hy vetroud is met die situasie. Waar wild is, moet hulle van kleins af geleer word dat dit nie 'n bedreiging is nie, en naby die kudde mag wees. Indien dit nie gebeur nie, kan die hond later wild jag of verjaag.

Spelerige optrede kan weer op 6 maande te voorskyn kom. Hou aan om die hond te disiplineer wanneer dit gebeur. Dit kan gedoen word deur die hond in te perk tot sy kampie in die kraal, sodat hy steeds by sy kudde is. 'n Alternatief is om die hond aan 'n hardloop lyn te hou wanneer hy nie onder toesig is nie, totdat hy die spelerige stadium ontgroei het of om hom vir 'n periode met die

"dangle stick" om sy nekband saam met die kudde veld toe te stuur. Honde wat 'n dangle stick gebruik moet goed dopgehou word vir enige moontlike beserings!

Let op na:	Wat om te doen:
Hond wat lammers jaag	Hang die "dangle stick" aan die hondjie se nekband
Hond wat lammers seermaak	Selfde as bo
Hond wat lammers se ore kou / wol uitpluk	Gebruik vet met chillie poeier gemeng om aan die ore te smeer sodat die hondjie se mond kan brand / gebruik weer die "dangle stick"
Volwasse diere wat hond afknou	Bied aan die hond 'n skuilplek weg van die diere af
Volwasse diere wat hond van sy kos af dryf	Plaas die hond se kos so dan die skaap nie daar by kan uit kom nie
Hond wat terug gaan kraal toe of huis toe kom	Neem die hondjie DADELIK terug en tugtig hom met jou stem as die hond daarmee aanhou sit die mikstok aan om te verhoed dat hy deur die draad kruip dink ook aan elektriefiseering

Die Gebruik Van 'n Hardloop Lyn

Maak seker dit loop nie verby enige hindernisse soos bome, pale of heinings nie. Indien dit te na aan die kraal heining is, kan die hond probeer oorspring terwyl hy vas is en verwurg.
'n Liggewig ketting, 1 tot 1,5 meter lank, moet gebruik word om die hond aan die lyn vas te maak.
Gebruik 'n skuifknip om die hond aan die ketting vas te maak, dit voorkom dat die ketting knoop.
Die hardloop lyn moet so lank moontlik wees, verkieslik die lengte van die kraal en daar moet ordentlike skaduwee en water beskikbaar wees.

1 Jaar en ouer

Teen 12 maande behoort die honde wat 'n behoorlike band met die kudde gevorm het, effektiewe kudde waghonde te wees. Let egter daarop dat 'n jaar oud hond nog nie heeltemal volwasse is nie, en dat hy nog nie heeltemal opgewasse is teen groot roofdiere nie.
Anatolians is 'n groot ras hond, en daarom is hulle eers later heeltemal volwasse – gewoonlik teen 18 – 24 maande. Baie geduld is dus nodig in die opleiding.

Dieet

Die hond moet twee maal per dag gevoer word, slegs in die kraal of by sy skuiling in die geval van ekstensiewe boerdery. Voeding moet plaasvind in die oggend en middag. Slegs 'n baie goeie kwaliteit hondekos moet gegee word (soortgelyk aan wat die WCMP voorsien). Hierdie is 'n opreg geteëlde hond en moet goed versorg word. Slegs die beste is goed genoeg vir hom.

B. Vee wat permanent in die veld bly

6 weke oud
Sterilisasie kan alreeds op hierdie ouderdom gedoen word. Dit sal voorkom dat die hond deur die hormonale fase gaan, wat vorentoe gedrags probleme kan veroorsaak in sy ontwikkeling.

8 weke oud
Hondjie word saam met lewende hawe geplaas. Dit word streng afgeraai om hondjies jonger as 8 weke oud te plaas.

8-16 weke oud
Die hondjie moet saam met ongeveer 10 lammers geplaas word in ‘n kraal naby die huis/postal. Die lammers moet reeds gespeen wees en nie vergesel wees van enige ooie nie. Hierdie sal die basis van die hondjie se trop vorm en dit is baie belangrik dat hulle nooit weer verwyder word van die trop nie. Solank as wat die basis trop dieselfde bly, kan die res van die trop aangepas work na gelang van die boer se behoeftes sonder enige komplikasies.
‘n Hondehok moet in die kraal geplaas word vir die hondjie om te oornag in. Die kraal moet dig genoeg toegemaak wees om die hondjie te verhoed om die kraal te verlaat. Die gebruik van sifdraad behoort die gewensde effek te hê.
Hierdie twee maande is van kardinale belang vir die ontwikkeling van die hond in terme van sy verhouding met die trop en kan die verskil beteken tussen sukses en mislukking. Monitering en dissiplinering van die hond is ‘n essensiëledeel van hierdie fase en moet daagliks deur die boer gedoen word. Dit sluit in:

- Daaglikse monitering van die hondjie om ongewenste gedrag soos jaag, byt en speel te identifiseer en korrigeer. Die boer moet attent weess op die gedrag en interaksie van al die diere. Gedurende hierdie tydperk word daar van die boer verwag om toegewyd te wees in terme van die hoeveelheid tyd en energie wat aan monitering spandeer word. **Probleme word soms ondervind met die gebruik van vee wagters, soos die onvermoë om die hond te dissiplineer. Dit is dus baie belangrik dat die boer hierdie rol moet vervul.**
- Die hondjie moet geleer word om aan ‘n leiband te loop. Die boer moet die hondjie daagliks vir kort periodes aan ‘n leiband rondloop. Dit kom later handig te pas wanneer die hond na ‘n veearts gevat moet word en ook om die hondjie voor te stel aan al die ander diere, werkers ens op die plaas. Die hondjie moet ander diere en werkers op die plaas aanvaar en gewoond gemaak word aan hulle. Die hondjie moet geleer word om nie vir hierdie diere/mense te blaf nie, aangesien dit die indruk sal skep dat hy hulle as ‘n gevaar beskou. As hy wel blaf, moet hy gedissiplineer word deur uitdruklik “nee” te sê. Hy moet dan beloon word as hy verby hulle loop sonder om te blaf. Die hondjie moet gemaklik wees om deur die boer gehanteer te word.
- Voer van die hondjie. Die hondjie moet twee keer per dag gevoer word, in die oggend en die aand. Hoë kwaliteit korrels kan met pap gemeng word om ‘n hoë kalorie en hoë proteïn dieet te verskaf. Die hondjie moet onder toesig in die kraal gevoer word om te verhoed dat die vee nie sy kos eet nie.
- Dissiplinering met ongewensde gedrag. Dit is natuurlik vir die hondjie om spelerig te wees, maar hierdie gedrag moet streng afgeraai word. Die beste metode is om die hondjie ferm op die grond vas te druk op sy rug en ferm “nee” te sê. Dit word afgeraai om die hondjie te slaan.

- Korrektiewe opleiding. Om ongewensde gedrag te korrigeer mag dit nodig wees om die hondjie op ‘n hardloop lyn te sit om sy beweging sodoende te beperk. Hierdie metode word gebruik wanneer die hondjie uitermate spelerig is of as die hondjie die kraal verlaat om rond te loop. As die hondjie gereeld die trop verlaat om rond te loop kan ‘n gewig aan hom vasgesit word voor hy teruggelei word na sy vee om ‘n negatiewe assosiasie te bewerkstellig.

16-24 weke oud

Tydens hierdie tydperk sal die hondjie, saam met sy basis trop, na ‘n groter kamp van ongeveer 3-5 ha geskuif word. Die hondjie sal nou geleidelik aan meer lede van die trop voorgestel word.

Sy hondehok moet saam geskuif word en moet teen ‘n hoek gedraai wees of met ‘n klein kampie ombou word om vee te verhoed om in sy hok te klim of sy kos te eet. Hy moet vrye toegang hê.

Die boer moet steeds baie betrokke wees en moet die hondjie se vordering daagliks evalueer. Die boer moet onmiddelik optree as speel gedrag gesien word en moet dadelik die hondjie dissiplineer. Die hondjie sal op die stadium ongewensde gedrag toon soos om aan die skape se wol te pluk of aan hulle ore te kou en die boer moet die gedrag dadelik korrigeer. Dissiplinering van die hondjie moet nie lei daartoe dat die hondjie bang is vir die boer nie (gesien deur die hond wat himself natmaak of weghardloop as die boer naby kom). Dit is egter natuurlik vir die hond om onderdanig te wees en kruiperige gedrag te toon en op sy rug te draai.

24 weke

Teen hierdie ouderdom behoort die hondjie genoeg self vertroue te hê om hom na een van die groot weidings kampe te skuif. Dit word aanbeveel om met ‘n “maklike” kamp te begin; een van die kleinste en platste kampe.
Die boer moet verkieslik self die hondjie bly voer. Dit bied die geleentheid om elke dag die hond se gedrag en kondisie te monitor. Dit is normaal vir die hond om af en toe klein soogdiertjies ens te vang en behoort nie enige gedrags probleme te veroorsaak nie.

Daar kan nou van die hond verwag word om die gebied te patroller en binne die kamp rond te beweeg. Hy moet nooit so ver van die trop weg beweeg dat hy nie meer die vee kan sien nie.

Addisionele Inligting

Plasing van ‘n tweede hond by ‘n bestaande trop en hond

Op ‘n plaas waar ekstensiewe boerdery beoefen word, behoort een hond voldoende te wees om die eerste 100-300 skape op te pas, maar ‘n verdere hond sal nodig wees vir elke 200 skape wat by die trop gevoeg word. Waar diere wyd versprei, kan twee honde by ongeveer 200 skape geplaas word om te voorkom dat een hond nie oorwerk word nie.
Wanneer meer as een hond benodig word vir ‘n trop, moet die tweede hond eers 6 maande tot ‘n jaar nadat die eerste hond volwasse is, geplaas word. Die tweede hond moet van dieselfde geslag wees en verkieslik nie ouer as 8 weke wees nie.

Die ouer hond behoort dan genoeg ondervinding te hê om die nuwe hond te wys wat van hom verwag word. Nadat die tweede hond geplaas is en nog verdere honde benodig word, kan daar ‘n nuwe hond ongeveer elke 6 maande bygevoeg word. Meer as een klein hondjie moet nooit by ‘n trop geplaas word nie, om sodoende ongewensde gedrag soos spelerigheid en rondlopery te voorkom.

Wanneer die tweede hond geplaas word, moet die volgende prosedure gevolg word:

- Die klein hondjie moet in ‘n klein kraaltjie naby die huis/opstal geplaas word saam met ‘n groepie van 8-10 speen lammers van die bestaande trop. Gedurende hierdie stadium sal die hondjie geheg raak aan die vee. Maak seker die kraaltjie is ordentlik omhein en dat ‘n hondehok vir die hondjie voorsien word om in weg te kruip indien nodig. Omdat die tweede hondjie saam met vee geplaas word wat al reeds gewoond is aan honde, kan die vee aggressief wees teenoor die hondjie. Plaas die hondehok teen die heining teen‘n hoek wat die hondjie toelaat om maklik in te gaan, maar die skape uithou. Die hondjie kan nou maklik wegkom van die skape en die kos en water kan ook hier vir hom neergesit word. Die hondjie moet vir die eerste 4 weke in die kraal bly waartydens die boer hom moet leer loop op ‘n leiband en ook enige ongewensde gedrag moet monitor en korrigeer. Gedurende die laaste twee weke van die stadium kan die hondjie op ‘n leiband uitgevat word na ‘n neutrale gebied, weg van die trop af, waar hy aan die ouer hond voorgestel word (ook op ‘n leiband).
- Vanaf die tweede maand kan die hondjie geskuif word na ‘n groter kamp saam met sy klein troppie, met meer gereelde interaksie met die ouer hond. Hierdie ontmoetings tussen die tweede honde moet steeds onder toesig geskied. Die hondjie kan ook blootgestel word aan die res van die trop deur hom aan sy leiband gereeld deur die trop te lei. Aan die einde van hierdie maand behoort die hondjie naby aan 4 maande te wees.
- Indien die twee honde mekaar aanvaar het gedurende die voorafgaande twee maande, kan die hondjie by die res van die trop geïntegreer word. Indien daar tekens van aggressie tussen die twee honde is, of die klein hondjie nog te spelerig is, kan die integrasie met ‘n verdere maand teruggeskuif word. Gedurende die maand kan die hondjie na ‘n nog groter kamp geskuif word om sy werklas en self vertroue te verhoog. Hy moet daagliks gevat word om die groot trop en ouer hond te besoek.
- Teen 6 maande oud behoort die tweede hond ten volle by die trop geïntegreer te wees. Hy kan nou die ouer hond permanent vergesel. Die boer moet die honde fyn dophou gedurende hierdie stadium vir ongewensde gedrag soos aggressie of rondlopery. Die klein hondjie moet ook teen die tyd gekastreer word.

VEE WAGHONDE
PROBLEME EN AANBEVELINGS

(Inligting verskaf deur Cheetah Conservation Fund (CCF) Namibië en Grootfontein Landbou Kollege, SA)

LET WEL: Honde moet van ‘n jong ouderdom af hanteer word en gewoond gemaak work aan ‘n halsband en leiband. Hierdie opleiding moet net in die kraal of in die veld saam met die vee gedoen word. Te veel kontak met mense word nie aanbeveel nie aangesien dit die hond geheg sal maak aan mense, maar die hond moet gewoond wees aan ‘n halsband en om met ‘n leiband te loop. Dit sal enige korrektiewe opleiding moontlik maak wat in die toekoms mag nodig wees.

1. Honde wat nie geheg raak aan die vee nie

Dit is essensieel om die hondjies op ‘n jong ouderdom by die vee te plaas, verkieslik tussen 6-8 weke, maar hoe gouer hoe beter. By CCF word die hondjies in die kraal by die vee gebore en maak die aanpassing makliker aangesien hulle onmiddelik gewoond raak aan die bekende en vertroostende klanke en reuke van die vee. Hierdie aanpassing is heelwat moeiliker by hondjies wat nie van die begin af blootgestel is aan vee nie.

2. Honde wat nie by die vee bly nie of terug beweeg kraal toe

Jong hondjies moet op ‘n jong ouderdom saam met die vee begin uitgaan, maar daar moet nie van hulle verwag word om te ver te loop nie. As hulle te moeg raak of hulle pote raak baie seer sal hulle nie meer wil uitgaan nie en omdraai die oomblik wat hulle nie dopgehou word nie. Hondjies wat nie vroeg genoeg (van 3 maande af) saam met die vee uitgaan nie, sal die kraal aansien as sy gebied om te beskerm en sal terug keer na die kraal sonder die vee.

As hondjies ‘n paar uur voor die vee terugkeer moet hulle oombliklik teruggevat word om by die vee aan te sluit. By die kraal kan daar met die hondjie geraas word, maar hy moet baie lof kry as hy weer by die vee aansluit. Hierdie gedrag kan verander word deur ‘n herder by die hondjie te hê gedurende die tyd wat hy sou terugdraai kraal toe. Die hondjie kan vir ‘n week of twee in die veld aan ‘n leiband gehou word waarna dit verwyder kan word om te kyk of hy geleer het om tot die einde van die dag by die vee te bly.

Party honde mag as gevolg van die hitte oor die middag terugdraai kraal toe of skaduwee opsoek. Hondjies moet van ‘n jong ouderdom af gewoond gemaak word om geborsel te word. Hulle winter pels kan baie dik word en mag ‘n geruime tyd vat om in die somer weer uit te val. In so ‘n geval kan die borsel baie help.

Navrae: Deon Cilliers (082 853 1068) of ncmp@dewildt.org.za

3. Beweging van die hond en die vee na 'n nuwe pos

Dit is al deur boere berig dat 'n hond sal terugbeweeg na sy oorpronklike pos wanneer vee na 'n nuwe pos geskuif word. Dit gebeur soms dat honde 'n spesifieke gebied aanneem as sy gebied en daarnatoe terug keer selfs al is die vee nie meer daar nie. In so 'n geval is dit baie belangrik dat die hond gewoond is aan 'n halsband aangesien die herder dan saam met die hond in die nuwe gebied kan loop totdat hy die nuwe gebied aanvaar.

Om te keer dat die hond deur die nag na die ou gebied terugkeer kan hy veilig aan 'n loop-draad vasgemaak word. Die hond moet ordentlik vasgemaak word aangesien 'n hond wat nie gewoond is daaraan nie, homself kan seermaak of oor 'n heining kan probeer spring as die draad te naby aan die heining is. Hierdie moet slegs op kort termyn gebruik word en die hond moet baie versekering kry sodat hy nie die halsband/ leiband of die loop-draad as 'n straf sien nie.

4.Honde verwerp nuwe diere wat by die vee gevoeg word

Daar moet gelet word op die hond se gedrag wanneer nuwe diere by die bestaande vee gevoeg word aangesien hy hulle as indringers mag sien en hulle verwerp. Nuwe vee moet voor die tyd met mis uit die kraal gevryf word om die reuk van die res van die kudde aan te neem. Soms is dit nodig om die nuwe individue saam met 'n paar diere van die bestaande kudde apart te hou en te integreer voor hulle aan die hond blootgestel word.

5.Honde en ander vee

Jong hondjies moet van vroeg af blootgestel word aan ander diere soos beeste, perde, ander kuddes kleinvee ens en dus geleer word om hulle nie as indringers te sien nie. Die hond moet saam met sy eie kudde deur ander kuddes of naby ander kuddes verby geloop word. As die hond vir die ander kuddes blaf moet hy gestaf word, maar moet baie lof kry as hy hulle ignoreer. Let daarop dat die hondjie nie deur ander diere, soos agressiewe beeste seergemaak word nie.

6.Hervestig vee waghonde na nuwe kuddes

Dit word nie aanbeveel om 'n hond te hervestig nie, maar indien wel nodig kan 'n groepie van die oorspronklike kudde saam met die hond hervestig word.
Dieselfde stappe kan dan gevolg word as wat in paragraaf drie bespreek is. Waar dit nie moontlik is om van die oorspronklike kudde saam met die hond te hervestig nie moet dieselfde stappe gevolg word. 'n Volwasse hond kan suksesvol hervestig word, maar moet genoegsame tyd gegun word om aan te pas by die nuwe gebied en nuwe vee. Dit is weereens van groot belang dat die hond gewoond is om vasgemaak te word en om aan 'n leiband gelei te word. Die hond se veiligheid en suksesvolle hervestiging kan daarvan afhang.
Honde kan nie na 'n ander tipe kleinvee geskuif word nie. Hulle kan dus van een kudde bokke na 'n ander kudde bokke geskuif word, maar nie van bokke na skape of andersom nie.

7. Vee waghonde en nuut-gebore vee

Honde wat hulle eerste geboorte seisoen van vee ondervind moet fyn dopgehou word om seker te maak hulle raak nie te opgewonde nie en dat hulle redelik kalm bly. Honde mag toegelaat word om die nageboorte te eet en daardeur mag die hond meer geheg raak aan die vee, maar die hond mag nie toegelaat word om met die nuwe vee te speel nie en moet dadelik gestop word. Die hond moet geloof word as hy aan die diere ruik of lek.

8. Honde wat met vee speel en diere doodmaak of beseer

Daar moet aandag gegee word aan die gedrag van jong hondjies gedurende die vroeg oggend ure, aangesien speel gedrag dan baie gesien word. Personeel moet gereeld die hondjies dophou om seker te maak dat sulke gedrag nie ongesiens verby gaan nie. As hierdie eers gevestigde gedrag is, is dit baie moeilik om te keer en mag beserings tot gevolg hê. Klein hondjies wat nie vroeg genoeg (3 maande) uitgaan saam met die vee nie is meer geneig om die gedrag te toon en van hulle energie ontslae te raak deur te speel.

Speel gedrag met vee word veral op ouderdomme van 3-4 maande en 6-12 maande gesien. Skape word baie keer onwillige speelmaats aangesien hulle weghardloop en so die speel gedrag van die hondjies aanmoedig. Volwasse bokke sal die speel nie toelaat nie en sal die stout hondjies met die kop stamp.

Dit is belangrik dat die gedrag dadelik gestraf word en nie ure nadat die vee ontdek is nie, sodat die hondjie die straf assosieer met die onaanvaarbare gedrag.

As die gedrag wel aangaan kan die hond met tye wat hy nie dopgehou kan word nie (snags) aan ‘n loop-draad vasgemaak word totdat hy die gedrag ontgroei het.

Sommige literatuur beveel die gebruik van ‘n “dangle stick” aan om die speel gedrag af te leer. Die stok van ongeveer 30 cm lank word aan die hond se halsband vasgemaak wanneer die hond alleen by die vee in die kraal gelos word. Dit word aan die band geheg met ‘n “swivel hook” en “dangles”. Die hond kan steeds eet, drink ens maar die stok sal teen sy voorbene kap as hy probeer hardloop. Met ‘n spelerige hondjie kan dit 3-4 weke gebruik word en moet dan verwyder word wanneer die hondjie saam met die vee uitgaan veld toe of wanneer die hondjie die gedrag ontgroei het.

10. Vee waghonde en herders

Dis nie nodig dat die hond voltyds saam met ‘n herder werk nie, maar moet net die eerste jaar teenwoordig wees vir beskerming en om korrektiewe opleiding aan die ontwikkelende hondjie te voorsien. Waar daar geen permanente herder saam met die vee is nie sal dit nodig wees om ‘n herder van tyd tot tyd by die vee te plaas om korrektiewe opleiding te voorsien waar nodig. ‘n Onbetroubare of aggressiewe herder kan tot gevolg hê dat die hond nie by die vee wil bly nie of onaanvaanbare gedrag soos jag aanmoedig. Herders wat tydelik by die vee geplaas word soos wanneer vee na ‘n nuwe pos geskuif word, moet verkieslik die hond goed ken.

Die herder speel ‘n groot rol in die sukses of mislukking van die hond. Wees versigtig as ‘n nuwe herder aangestel word; daar was gevalle waar uitstekende honde skielik hulle vee verlaat nadat die herder vervang is. ‘n Nuwe herder wat bang is vir die hond of wat aggressief teenoor die hond optree

sal die hond se gedrag negatief beinvloed. 'n Verdere probleem is herders wat die honde aanspoor om te jag. **Die herder is die persoon wat die hond moet kosgee, moet tugtig asook lof gee!**

10. Sosialisering met ander honde

Hondjies moet gewoond wees aan ander honde op die erf, maar moet nie toegelaat word om met hulle sosiaal te verkeer by die kraal of weg van die kraal nie. Die hondjie moet geleer word om nie ander honde wat die vee kan beseer binne die kraal toe te laat nie en moet dus aan ander honde voorgestel word buite die kraal en weg van die vee af. Ander honde op die erf mag negatiewe gedrag in die hondjies aanwakker soos om die vee te verlaat of om te jag en mag nie toegelaat word om snags vry op die werf rond te loop nie aangesien dit die tyd is wat onaanvaarbare gedrag die meeste gesien word.

11. Sosialisering met mense

Die hond moet gewoond wees aan spesifieke hanteerders anders sal dit 'n hond tot gevolg hê wat aggressief is en waaraan daar nie gevat kan word nie. Kontak met mense, veral kinders, moet egter nie weg van die kraal aangemoedig word nie aangesien dit die hondjie sal aanmoedig om die kraal te verlaat om menslike kontak te soek. Vreemdelinge moet nie naby die kraal toegelaat word nie en deur net 'n beperkte hoeveelheid mense naby die kraal toe te laat om die hondjie op te lei leer die hondjie om vreemdelinge weg te hou van die kraal af en so vee diefstal te beperk.

12. Steriliseer/Kastreer van honde

Wanneer wyfies op hitte kom sal hulle rondloop en moet dus gesteriliseer word op ongeveer 8 maande. Mannetjies sal dieselfde doen en moet dus ook gesteriliseer word. Dit sal die honde nie negatief beinvloed nie maar sal wel onaanvaarbare gedrag verhoed.

13. Vasmaak van honde

Vasmaak van honde aan die loop-draad word aanbeveel waar honde speel gedrag vertoon of in die nag rondloop. Maak seker om die hond die eerste keer versigtig vas te maak en om die draad nie binne bereik van 'n heining te plaas nie.

Verkieslik moet die draad skuins oor die kraal geplaas word en die hond moet water en skaduwee te alle tye beskikbaar hê. 'n Liggewig ketting word aanbeveel aangesien die hond deur tou sal kan vreet. Die ketting moet ten minste 2 meter lank wees en moet aan die bandjie vasgemaak word met 'n "swivel clip". Die hond moet gewoond wees aan 'n halsband en leiband voor hy die eerste keer vasgemaak word. Dit sal ook afsprake na die veearts vergemaklik.

14. Jag van wild

Hondjies kan ernstige skade aan wild berokken as hulle deur die herder geleer word om te jag (om aan hom vleis te voorsien) of waar hulle nie geleer is om diere soos vlakvarke naby die vee toe te laat nie. Hierdie gedrag is baie moeilik om te stop as dit eers aangeleer is. Die herder moet die hond goed

dophou en die hond straf as hy vir vlakvarke ens blaf, aangesien die blaf ‘n teken is dat die hond die vlakvark as ‘n “indringer” beskou.
As ‘n hond ‘n dier sou doodmaak kan die dier of ‘n stuk van die dier aan die hond se halsband vasgemaak word en sodoende die hond ontmoedig om weer naby die dier te kom.